LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**1 Oktober 2019 / Nr. 31**

## 1. WELKOM TERUG NA ʼn KORT VAKANSIE!

**Welkom terug** aan al ons leerders en personeel na ʼn baie kort vakansie. Ons wens almal sterkte toe vir die laaste kwartaal wat uitsonderlik besig is. Ons waardeer almal se samewerking om hierdie kwartaal met sukses af te handel.

"Motivation gets you going. Discipline keeps you growing."

## 2. PERSONALIA

Baie geluk aan **mnr. Anton van Nieuwenhuizen** wat gedurende die skoolvakansie in die huwelik getree het. Ons wens hom en me. van Nieuwenhuizen alle voorspoed, geluk en liefde toe.

Baie geluk aan **me. Belinda Swanepoel** en haar man met die koms van hul nuwe babaseuntjie asook **me. Portia Malemela** en haar man met hul babadogtertjie. Ons is saam met hulle bly en dankbaar dat die kleine mensies fris en gesond is en ons wens hulle alle geluk en liefde toe!

## 3. RAPPORTE & AKADEMIESE VORDERING

Rapporte word vandag, **Dinsdag, 1 Oktober** aan die leerders uitgedeel. Sekere ouers sal ook ouerafspraak-briewe ontvang insake hul kind se akademiese vordering. Neem asseblief kennis dat hierdie afsprake **SLEGS** op uitnodiging is. Die briewe vir hierdie afsprake word saam met die rapporte op 1 Oktober uitgedeel. Afsprake gaan vanaf 7-10 Oktober gehou word. Tye sal deur graadvoogde bevestig word.

## 4. HULPVERLENING & LEESSENTRUM

Hulpverlening en die leessentrum begin Maandag, 7 Oktober. Leerders wat betrokke is, sal briewe saam met rapporte ontvang.

## 5. OPVOEDKUNDIGE TOERE & INSTAPPIES

Die **gr.4-7 leerders het die opvoedkundige toere** baie geniet! Nogmaals baie dankie aan mnr. Buys, die personeel, toerleiers, leerders en ouers vir al die reëlings. Ons maak definitief volgende jaar weer so.
Die **gr. R-3 leerders se instappies** was ook voorwaar ʼn hoogtepunt en die jongspan het dit baie geniet.

## 6. 4PAWS-GEMEENSKAPSPROJEK

Die insameling van honde- of katkos, kombersies, speelgoed, sand ens. vir die 4Paws gemeenskapsprojek eindig Vrydag, 4 Okt. Ons wil graag help om hul las bietjie ligter te maak en sal dit opreg waardeer indien u enige iets kan bydra.

## 7. SKOOLGELD 2019 / 2020

2019:

Baie dankie aan ouers wat gedurende 2019 getrou skoolgeld betaal het. Die laaste betaling van 2019 se skoolgeld is betaalbaar teen einde Oktober 2019. U samewerking word opreg waardeer.

2020:

Skoolgeld vir 2020 word by die Algemene Jaarvergadering op 22 Oktober 2019 vasgestel. Ons herinner ouers graag aan die eerste betaling van 2020 se skoolgeld wat R2000 beloop. Ouers word gevra om hierdie betaling teen nie later as 30 November 2019 te betaal nie. Hierdie bedrag vorm deel van 2020 se skoolgeld en sal van die totale bedrag afgetrek word. Ouers wat die bedrag per debietorder wil betaal, word gevra om asb. ‘n e-pos aan me. Cronje te stuur by carien.cronje@unika.co.za.

## 8. SPRINGBOK-WêRELDBEKERONDERSTEUNING

Op **Vrydag, 4 Oktober** ondersteun Laerskool Unika weer die Springbokke met die wêreldbeker en versoek dat alle leerders ŉ springboktrui, T-hemp of enige groen hemp ens. dra. Moet asb. nie onnodige aankope doen nie – solank dit groen is.

## 9. LAASTE FONDSINSAMELING: 2019

Unika se laaste fondsinsameling vir 2019 vind plaas op **Vrydag, 1 November 2019.** Die dag gaan die vorm aanneem van ŉ pretdag met lugkastele en glybane. Die dag beloop R200 per leerder. Betalings kan per EFT gemaak word met die familiekode + pretdag as verwysing. Kaart of kontantbetalings kan by die kantoor by me. Ronel Koegelenberg gemaak word. Ons sien baie uit na ŉ opwindende dag!

## 10. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes as volg kan ook op d6 gesien word:

**Atletiek**

Atletiekoefeninge begin Dinsdag, 1 Oktober 2019. Alle atlete wat die 1ste kwartaal deelgeneem het moet asb. die oefeninge bywoon. Sien die oefenrooster op d6.

**Krieket**

Dinsdag, 1 Okt. – 1ste span teen BPMS (weg).
Woensdag, 2 Okt. - o/10B teen Fairland (tuis).
o/11A teen Fairland (weg).
Donderdag, 3 Okt. – o/11A teen Jan Celliers (tuis).

**Swem**

Dit is weer tyd vir die swem om te begin! Swemmers wat in die eerste kwartaal deelgeneem het aan die interhuisgala, stel hy / sy homself / haarself verkiesbaar vir die Unika-swemspan en moet beskikbaar wees vir deelname aan die galas op Vrydae.

Die eerste swembrief is reeds verlede kwartaal uitgedeel en op d6 geplaas. Die eerste gala vind op 18 Oktober plaas.

**Koor**

Junior- en seniorkooroefeninge begin weer soos normaal ná skool op Donderdae (eerste oefening reeds hierdie Donderdag, 3 Okt.).

**Skaakoefeninge**

Ontwikkelingspelers: Donderdae in mediasentrum 16:00 – 17:00
Gevorderde spelers: Donderdae in mediasentrum 17:00 – 18:00

## 11. UITSLAE: SKAAKLIGA 2019

Twee ontwikkelingspanne het nie telling gehou nie, maar het hulle eerste ligawedstryde baie goed gespeel.
o/ 9 B het 5de geeïndig van 7 spanne en o/13A, 3de van 9 spanne. Dis die eerste jaar wat hulle in die A-liga speel. Dit het baie goed gegaan met die span.

## 12. ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word op **Dinsdag, 22 Oktober 2019 om 18:00** in die skoolsaal van Laerskool Unika. Ons doen 'n vriendelike, maar dringende beroep op alle ouers om asseblief hierdie vergadering by te woon. Daar moet 'n kworum van 170 ouers teenwoordig wees. Ingevolge Artikel 38 van die Skolewet, moet die begroting van 2020 aan die skool se ouers voorgelê word.
Die volgende punte sal deel vorm van die agenda van hierdie Algemene Jaarvergadering:

- Goedkeuring van 2018 notule.
- Voorgestelde begroting vir 2020.
- Vasstelling van verpligte skoolgeld vir 2020 en goedkeuring daarvan.

Briewe is uitgestuur aan ouers om die skeurstrokies te voltooi en terug te stuur na die oudste/enigste leerder se klasonderwyser voor/op Dinsdag, 1 Oktober 2019. U is welkom om die getekende skeurstrokie terug te e-pos aan carien.cronje@unika.co.za. Dit sal afgemerk word teen 'n klaslys vir kontroledoeleindes. Indien daar nie 'n voldoende kworum teenwoordig is nie, sal daar 'n tweede vergadering op Dinsdag, 29 Oktober 2019 gehou word.
Ons vra u samewerking in hierdie verband asseblief.

## 13. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

*Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:*
*Alle* ***sportverwante sake*** *- sport@unika.co.za*
*Alle* ***akademiese sake*** *– Eerste aan vakonderwyser: "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za) in asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).*
*Alle* ***graadverwante sake*** *– Stuur e-pos aan graadvoogde:*

*Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)*
*Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)*
*Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)*
*Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)*

*Enige* ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)*** *– (ontvangs@unika.co.za)*
***Graag versoek ons u as ouer om afsprake per e-pos te maak en NIE in skooltyd of ongeleë tye by 'n onderwyser op te daag om u kind / 'n saak te bespreek nie. Ons help graag en sal altyd tyd maak om met u te kommunikeer, maar is seker u sal verstaan dat kontaktyd met leerders voorkeur kry. Let wel dat ouers nie direk na klaskamers mag gaan om onderwysers te spreek nie. Ons waardeer u samewerking.***

## 14. DISSIPLINE-BELONINGSTELSEL

Dissipline is baie belangrik en daarom het Unika dit goedgedink om 'n ernstige dissiplinestelsel te implementeer. Die stelsel sal voluit in 2020 in werking tree, maar ons sal reeds in hierdie kwartaal begin om die stelsel op die proef te stel. Ons waardeer u samewerking en glo dat u as ouer saamstem dat dissipline gehandhaaf moet word.

Besonderhede soos volg:

**<u>Dissipline-beloningstelsel 2020</u>**

**<u>Positiewe (ontvang 'n Unika-knopie):</u>**

1. Netheid (+1)
    - Klaswerk
    - Voorkoms
2. Respek (+1)
    - Maats
    - Personeel
    - Besoekers
    - Stiptelikheid
3. Opreg (+1)
    - Eerlikheid
    - Bedagsaamheid
    - Hulpvaardigheid
4. Maniere (+1)
    - Gehoorsaamheid
5. Trots
    - Moet vier knopies hê om 'n Unika-Trotsknopie te kry.

**<u>Negatiewe:</u>**

**Algemene oortredings:**

1. Huiswerk en taakopdragte -1
2. Laatkom – Departementele vereiste -1
3. Voorkoms -1
4. Kru-taal -2
5. Arrogante en onbeskofte optrede -2
6. Ontwrigting van klas -2

**Ernstige oortredings:**

7. Bakleiery -3
8. Diefstal -3
9. Oneerlikheid – toetse en eksamen -3
10. Vandalisme -3

**Gevolge van negatiewe punte:**

Indien 'n leerder enige negatiewe punte vir die week ontvang het, kom die leerder nie in aanmerking vir die knopies nie.

1. **Negatiewe punte (Algemene oortredings: 1-6):**
    - 10 Punte: Leerder ontvang 'n brief waarin die ouers in kennis gestel word van gedragsprobleme.
    - 20 Punte: Leerder ontvang 'n geel brief. Daar word 'n onderhoud gereël deur die graadvoog en betrokke personeel.
    - 30 Punte: Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word gereël met die hoof.
    - 50 Punte: Leerder mag nie die opvoedkundige toere bywoon nie / gr. 7-leerder word ook nie toegelaat om die gr.7-afskeid by te woon nie.
    - Meer as 50 punte:
    - **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

2. **Negatiewe punte (Ernstige oortredings: 7-10):**
    - 3 Punte – Leerder ontvang 'n geel brief. Onderhoud word deur die graadvoog en betrokke personeel gereël.
    - 6 Punte – Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word met die hoof gereël.
    - 9 Punte – Leerder mag nie die opvoedkundige toer bywoon nie. Gr. 7-leerder mag ook nie die gr.7-afskeid bywoon nie.
    - Meer as 9 punte – **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**


# Handwerkklasse 4de kwartaal 2019

Wees kreatief en leer hoe om iets spesiaals te maak vir Kersfees.

Wanneer: Donderdae
14:00-15:00 of 15:00-16:00
(eerste klas 10 Oktober 2019)

Koste: R450 vir 6 klasse van 1 uur elk.
*Alle materiaal word voorsien.
*Beperkte plekke beskikbaar.

Plek: LS Unika kamer 27



**2 x 1 SLAAPKAMER EENHEDE TE HUUR** in Ferndale naby McDonalds met privaat tuine en onderdak parkering:

1 x Slaapkamer, aparte kombuis, sitkamer; en badkamer, gasstoof, en "Pre-paid" elektrisiteit. @ R 4500.00 p/maand (Onmiddellik beskikbaar).

1 x Slaapkamer, aparte kombuis en vol badkamer, gas stoof, en "Pre-paid" elektrisiteit. @ R 4200.00 p/maand (Beskikbaar 1 Okt. 2019).

Kontak Elzari Knoop 083 200 4251.

*La Couronne Dental Care*

**Tandarts /Dental Surgeon**

**Dr. Ryno de Vos**

**011 792 2555/6**

info@lacouronnedental.com

168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg


*"We can't wait to see your Smile!"*

**Ekstra individuele lesse**

Gr 1 tot 7 in Afrikaans en Engels en Gr 1 tot 6 in Wiskunde.

Gegradueerde juffrou met 10 jaar ondervinding. Beperkte tydgleuwe is beskikbaar.

Kontak Anmar Voigt op
anmarvoigt@gmail.com
082 816 4333



## Vaksakkies: 2020

- 6 sakkies teen R250
- 10 sakkies teen R380

# Spesiale aanbod vir Unika leerders:

- 7 sakkies teen R285

Gebruik die verwysing FFunika saam met u bestelling.



Borduurwerk kan op aanvraag gedoen word.

Daar is ook 'n "stars and stripes" reeks beskikbaar.

Gaan loer gerus op Facebook by @ForeverFabricSA

E-pos foreverfabric.info@gmail.com
Kontak: 074 580 6345 / 079 525 3618



**VERLOOP BUILDING**

ALEX VERLOOP
083 400 2766
abwverloop@gmail.com
www.verloopbuilding.co.za
www.facebook.com/VerloopBuilding/
2 Nicolyn Avenue, Ruiterhof, Randburg

QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED

SERVICES

- Building alterations
- Revamping bathrooms
- Rhinolite
- Tiling / Cladding
- Carpentry
- Electrical
- Plumbing
- Painting
- Ceilings
- Water and damp proofing

# Die ontwikkeling van Durf, Volharding (Grit), Veerkragtigheid (Resilience) en Emosionele Intelligensie (EQ) by kinders

In vandag se uitdagende wêreld wat verskeie eise stel aan ons kinders, is dit toenemend belangrik dat hulle oor die eienskappe van durf, volharding (grit), veerkragtigheid (resilience) en emosionele intelligensie (EQ) beskik. Al hierdie eienskappe kan ontwikkel word by kinders.

Kom luister gerus na 'n praatjie oor hoe om hierdie karaktereienskappe in jou kind te ontwikkel. Hierdie praatjie word aangebied deur **Dr Jopie De Beer**, 'n sielkundige wat internasionaal erken word as deskundige op hierdie gebied. Dr De Beer is een van die stigters van die JvR groep van maatskappye wat onder andere psigometriese toetse aan sielkundiges, opvoedkundigesielkundiges, sosialewerkers, arbeidsterapeute en bedryfsielkundiges verskaf. Hulle verskaf ook sielkundige dienste aan individue en die korporatiewe wêreld.



| | |
|---|---|
| Datum: | 10 Oktober 2019 |
| Tyd: | 18h00 – 20h00 |
| Plek: | Domus Dei Kerk (Voorheen Randburg-Suid)<br>Daar is twee ingange: (1) 30 Jeanweg en (2) 41 Malcolmweg, Blairgowrie<br>Sekuriteit word verskaf by parkeerareas |
| Koste: | Gratis |
| RSVP: | Sandra \| Tel: (011) 787 4004 (slegs tussen 9.00 en 13.00) of 072 306 4727 of randburgsuid@hotmail.co.za |